

22 Augustus 2021

Gr R tot Gr 3



Is jy aangetrek?

Efesiërs 6:10-20

voorbereiding

Neem saam:

- Verskillende prente van diere en ook professies wat mense kan uitken
- Prente of items van beskermende klere
- Koerantpapier
- Afdrukke van die wapenrusting

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

bid tyd

Wanneer ons na diere kyk, herken ons hulle aan hoe hulle lyk. Hoe ken ons voëls uit? En hoe weet ons wat is die verskil tussen 'n tier en 'n leeu? Wat beserm 'n vis onder die water? En wat hou klein hasies warm?

gesels tyd

Ons kan aan diere se pelse of velle of vere of skubbe weet watter soort dier is wat. Mense word ook soms geken aan wat hulle aantrek. Kom ons kyk of julle kan dink wat sal die volgende mense dra:

- 'n polisie man?
- 'n prefek by die skool?
- 'n dokter?
- 'n brandweer man?
- 'n duiker?

Elkeen van die manne of vroue het sekere goed wat hulle moet dra wat hulle sal beskerm in tye van gevaar in hulle werk of goed wat hulle sal uitken wanneer hulle tussen ander staan.

Beskermende klere is spesiaal gemaak om ou teen gevaar te beskerm en te red. Waarvoor word die volgende gebruik?

Jy kan enige beskermende items of prente van items saambring na die

les en die kinders vra om die funksie daarvan te verduidelik. Vra hulle eers wat dit is en of hulle weet waarvoor dit gebruik word. Hier volg 'n paar voorbeelde:

- Oondhandskoen
- Veiligheid skoene
- Veiligheids bril
- Voorskoot
- Fiets of motorfiets valhelm
- Knie beskerming vir motorfiets of skaatsplanke
- Sonbrandroom

Ons kry verskillende soorte beskermende goed, soos 'n valhelm wat hard is en ons kop kan beskerm teen beseerings indien jy sou val. Of 'n voorskoot wat sag is, maar dit beserm ons klere dat goed in die kombuis nie op ons klere spat wanneer ons kos maak en dit keer dat ons klere nie vlek nie.

Elke soort beskermende toerusting het 'n spesifieke funksie en is spesiaal gemaak om ons te beskerm.

Hierdie liedere is slegs voorstelle. Sing gerus iets wat meer bekend is.

Liedjie: Die wapenrustingliedjie

Ons dra die gordel van waarheid
En die harnas van vryspraak
En die skoene van bereidheid
Om Sy boodskap uit te dra
Ons dra as helm, verlossing
En die Woord van God as Swaard
En vir altyd die geloofsoog
Totdat Jesus ons kom haal

Liedjie: Ek het Jesus in my hart

Ek het Jesus in my hart
Daarom sing ek sing ek sing ek
Ek het Jesus in my hart
Prys God Prys God
Ek het Jesus in my hart
Daarom sing ek sing ek sing ek
Daarom sing ek totdat Jesus kom
Sing Halleluja
Halleluja, Halleluja, Halleluja
Totdat Jesus kom
Halleluja, Halleluja, Halleluja
Totdat Jesus kom

gesels tyd (vervolg)

sing tyd

BYBEL tyd

In die Bybel leer ons dat Jesus ons baie lief het en dat Hy in ons plek vir sonde doodgegaan het. Wanneer ons vir Jesus jammer sê vir ons sonde en Hom vra om ons te vergewe, dan maak Hy ons skoon van sonde. Ek kan nie nou net maak soos ek wil nie. Ek moet elke dag nuut en vry lewe en keer dat die sonde nie weer wil inglip en my lewe kom oorvat nie. Die duivel wil

graag hê dat ons moet sonde doen en nie na God en Jesus luister nie en sal alles probeer om ons weg te keer van Jesus se groot liefde vir ons.

Maar Jesus weet dit, en daarom sê Hy ons moet gereed wees soos vir 'n oorlog om altyd reg te wees om die vyand, die duivel weg te wys wanneer hy ons na die sonde toe wil vat. En hoe kan ons gereed wees? Ons moet ons wapenrusting aantrek soos Paulus ons leer in Efesiërs 6. Kom ons lees dit uit die Woord van die Here, die Bybel.

Lees vir die kinders voor uit Ef.6:10-20

Die Wapenrusting beskerm ons teen aanvalle van die bose. En al is dit nie regte wapenrusting waaraan ons kan vat nie, is dit alles goed wat ons in ons gedagtes kan aantrek en dit beskerm ons.

Gordel/belt: Die gordel hou ons toerusting en klere vas en op hulle plek. En die gordel is die waarheid. Die waarheid wat ek en jy moet weet is dat Jesus klaar vir al jou sonde gesterf het, Hy het die volle prys betaal.

Harnas: Die harnas is 'n borsplaat van vryspraak. Wat beskerm dit? Jou hart. Mens se hart raak soms gespanne en klop vinnig want jy is bang as jy iets verkeerd gedoen het, maar Jesus kom maak jou vry dat jou hart rustig kan klop

Skoene: Skoene beskerm jou voete as jy op moeilike padjies moet stap waar klippe en doringe is. Dis nie altyd maklik om vir ander van Jesus se liefde te vertel nie, want almal wil nie altyd hoor dat Jesus ook vir hulle sonde gesterf het nie. Maar die skoene van bereidheid om die evangelie te verkondig help ons om te gaan en van Jesus se liefde ook vir ander te gaan vertel.

Helm. Die helm beskerm jou kop, jou gedagtes wat jy dink en die helm is verlossing. Ons weet dat ons verseker weet Jesus het ons kom vry maak. Ons gedagtes is vry en verlos.

Skild: 'n skild dra jy in jou hand om pyle af te weer of te keer wat op jou geskiet word. Geloof is ons skild. Geloof is om te weet God is by jou en Hy maak jou vry, al kan jy dit nie sien nie. As jy dit glo, sal jy die brandpyle van die duivel kan wegstamp

Swaard: Die swaard is waarmee ons veg – en dit is die Woord van God. Wanneer ons die Bybel lees en ons ken en weet wat daarin staan, sal ons dit kan gebruik om die waarheid te verkondig en te weet wanneer iets nie die waarheid is nie, want ons lewe en doen soos wat die Bybel ons vra om te lewe.

En baie belangrik, ons doen dit nie alleen nie – ons bid oor alles.

Praat elke dag met God in gebed en vra Hom om jou te help en Hy sal.

doen & leer tyd

Die wapenrusting


Maak 'n mannetjie wat jy kan aantrek met die wapenrusting.

Julle kan een van die kinders in die klas aantrek met die wapenrusting. Maak sommer 'n wapenrusting uit koerantpapier en laat hulle heeltyd noem waarvoor die spesifieke dele van die wapenrusting is en wat dit beskerm.

Ons moet onthou, dat al trek ons die wapenrusting aan, ons ook op ons knieë moet bly en altyd tot God bid om ons in elke omstandigheid by te staan.

groet tyd

Dankie Jesus dat U my eerste liefgehad het en my kom verlos het. Help my om elke dag die wapenrusting aan te trek en te lewe soos 'n kind van U.
Amen



Trek die wapenrusting aan.

Skryf langs elkeen van die wapenrusting stukke waarvoor dit gebruik word. Jy kan ook 'n mannetjie maak wat jy kan aantrek met die wapenrusting. Vra mamma om jou te help om alles uit te knip.

